VERMEULEN FAMILIE SAAMTREK WAT JAARLIKS VIR 49 JAAR LANK PLAASVIND.

Op 12 Nov 1966 het die familie van Michael Johannes en Maria Jacoba Vermeulen in die huis van Jan en Elsie Vermeulen in Mountainview by mekaar gekom om Oupa Michael se 80 ste verjaarsdag te vier en dit was dan ook die eerste familie saamtrek van hierdie familie. Net daar het die gedagte posgevat om hierdie byeenkoms ’n jaarlikse instelling te maak. Oupa Michael is in 1967 oorlede.

Jan en Elsie was dan ook verder verantwoordelik vir die reëlings en organisering van die saamtrekke tot 2014, wat eers aan huis van familielede gehou was en later by vakansieoorde soos Oberon Holiday Resort, Mount Amanzi beide naby Hartbeespoort en dan ook by Buffelspoort naby Rustenburg. Hierdie saamtrekke het merkwaardig aangehou vir 49jr tot 2014 waarna dit doodgeloop het a.g.v. min belangstelling.

Die byeenkomste was deur Vermeulens, hul aangetroude familie en ook een of meer boesem vriende bygewoon. Wat merkwaardig is dat Die Bond van die Vermeulen Familie in die persone van Johan en Izak Vermeulen ook die fees in 2004 en op nog ’n verdere onbekende jaartal bygewoon het.

. Jan en Elsie leef vandag nog.

Is daar ander Vermeulen families wat hierdie prestasie kan nadoen of kan verbeter op?

Ek plaas hierdie berig met erkenning aan Linda Lombard, ’n skoondogter van Cornelia Maria Johanna Lombard geb Vermeulen, wat bogenoemde inligting met Die Bond gedeel het en self ook van die byeenkomste byhewoon het.

Die eerste saamtrek in 1966 met Oupa Michael se verjaarsdag.

Jan en Elsie in 2011 met saamtrek

In 2004 Izak links en Mike en Johan.
(laaste twee albei oorlede).

Groepfoto 2005 Mount Amanzi

Groepfoto 2013 Buffelspoort